# DIE MENS HET BEKERING NODIG

Toe Petrus na die uitstorting van die Heilige Gees opgestaan en begin praat het – dit is in die Bovertrek soos wat ons dit lees in Hand. 2 – was daar toeskouers wat dit wat die apostels van God ontvang het, begeer het. Hulle vraag was: “Wat moet ons doen om gered te word?” Petrus het sonder aarseling geantwoord: “Bekeer julle! EN toe bring hy bekering tot voltooiing deur `n opdrag wat hy gee. Samevattend verteenwoordig dit vir ewig veral die eerste twee beginsels wat ten opsigte van ons geloofsbelydenis in Jesus Christus sal bly bestaan, naamlik om die doop in die Naam van die Verlosser te ondergaan.

Nou, alhoewel die doop in Jesus Naam gruwelik verdraai was deur die post-apostoliese kerk wat goed sorg gedra het dat dit uit ons Christelike belydenisse uitgefaseer word, is dit nie die onderwerp van bespreking hier nie. Wat belangrik is, is die eerste beginsel, naamlik “bekering”. Bekering meen in Hebreeus (teshuvah) om om te draai en ook om God te antwoord. As ons dan sou verlang om deur die stap van bekering aanneemlik vir God te wees, behoort ons onsself daarvan te vergewis dat ons omswaai na Jesus toe, veel meer inhou as blote woordbelydenis.

Bekering vereis dat ons God moet antwoord op alles wat Hy vir die mens voorgehou het onder die eerste bedeling, naamlik dit wat vir ons opgeteken staan in die Ou Testament - die fondasie van geloof in Jesus Christus. In die Ou Testament, die Torah (vyf boeke van Moses), die Profete en die Geskrifte, maak ons kennis met God se wil wat Hy deur Sy Gees in geskrewe vorm vir ons behoue laat bly het en dan ook aan ons oorgelewer het. Die geskrewe Woord keer dan nooit ledig tot God terug nie want die oomblik wat ons begeer om in God se weë te wandel, antwoord ons God en dan verklaar ons eintlik implisiet en eksplisiet dat ons begeerte is om deur Hom erken te word as Sy kind.

Ons het dan die Woord tot ons beskikking (die volle Bybel, Ou en Nuwe Testament) wat ons kan rig en lei - God self het tog die weg na Hom toe vir ons uitgespel en dit is dan vir onsself om te soek totdat ons ons rus volkome in Jesus gevind het, dit is in Hom wie God as wegwyser tot Lewe en tot ons persoonlike heil aangewys het (Jn. 14.6; 1 Jn 5.12). Vir hierdie doel het Christus in die wêreld verskyn, naamlik om die gevalle mens te kon red uit die mag van die Bose (Hand. 10).

Om gered te wees, beteken dan om die Nuwe Testamentiese Ark van Behoudenis binne te gaan en sodat ons uit die gevare wat die spreekwoordelike Ark omring het, gered kan word – God het lewe deur Noag se ark behou; Noag se ark tipeer die verkose volk van God wie gehoorsaam aan Hom was. Dit is so simplisties aan ons voorgestel in die Woord dat ons net kan buig en, sonder vele redenasies, kan aanvaar dat Jesus leef en dat daar net in Hom vrede en volmaaktheid te vinde is. Ons het dan genoegsaam in die Woord van God om ons tot oortuiging te kan beweeg.

Sou ons ons dan wil bekeer, sal dit beteken dat ons bereid is om God te antwoord op alles wat Hy vir ons in Sy Woord oorgedra het. Al die voorwaardes en vereistes wat Hy aan ons oorgelewer het, dit is óf direk deur die profete, óf deur middel van Sy interaksies met die mens (geskiedkundige gebeure wat afgespeel het en waarby God betrokke was, dit is in antieke Israel, God se Verbondsvolk van weleer), en wat natuurlik ook tot ons kennis gekom het deur Sy indirekte gesprekke met die mens – die

Psalms en die Geskrifte, ook die Wysheidsliteratuur van Salomo, ook Job, ensovoorts.

In hierdie betrokke Bybelboeke en geskrifte is daar soveel moreel-etiese lesse opgesluit en wat onsself en ons pad saam met Christus gelyk kan maak - as ons toepassings op die mens se gedrag en optrede in die algemeen enigsins sou wou maak, kan ons selfs sielkundige lesse daaruit leer en wat ons dan sal kan help hoe om ons eie lewe te balanseer op geregtigheid en heiligheid, naamlik God se twee hoofkaraktereienskappe, dit wat die mens, sou hy hom tot God bekeer, verder sal kan help om sy lewensdoel te kan verwesentlik, dit is hoe om God te behaag en om Sy kind volgens die belofte te kan wees. Hierdie strewe sal altyd in `n bloedgewaste kind van God se verwysingsraamwerk inpas.

Bekering is dan die hoofvereiste vir `n Christelike lewenswandel, dit is as ons Jesus wil volg want bekering is eintlik, samevattend, om God te antwoord op alles wat Hy *aan ons voorhou in Sy Woord* (dit is in beide die Ou en die Nuwe Testament). Sou ons dan nie bereid wees om God te behaag deur om te *doen* wat God van ons verlang in Sy Woord nie, is ons bekering net `n skyn en ons kan dan net so wel die wêreld en Sy volheid behaag en `n openlike verklaring maak dat ons, soos Demas, een van Paulus se voormalige bekeerlinge, die wêreld, en nie Jesus nie, wil behaag. So `n "verlede" Christen sal dan verkies om die gees van die tyd na te jaag en wat natuurlik direk `n kloof sal slaan tussen Jesus wie gekom het as wegwyser tot lewe, en `n onverloste (onbekeerde).

Bekering is dan iets wat mens nie net outomaties besit nie. Dit is `n wilsbesluit en `n totale omswaai na Christus en Sy waardesisteem. Dit is ook nie net `n bereidwilligheid om moreel-eties in te pas by God se vereistes nie. Dit is soveel meer as dit want dit vereis volkome oorgawe aan God, gees, siel en liggaam. Ons moet dan bereid wees om ons in Christus te verberg en dit is dan daar waar ons in die Ark van Behoudenis instap. `n Goeie begin is Petrus se tweede geloofsvereiste, naamlik om die stap van gehoorsaamheid te *doen*: "Bekeer julle *en laat elkeen gedoop word* in die Naam van Jesus Christus tot vergiffenis van sonde EN julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang" (Hand. 2.38).

Hierdie duidelike, simplistiese, apostoliese opdrag, spreek beslis van `n moreel-etiese verandering wat in die siel van die mens sal moet plaasvind en wat ook sal plaasvind as die mens tot God sou nader in opregtheid van gees. Die mens ontvang dan die Woord deur sy gehoor (Rom. 8) en deur die Woord van die prediking word die mens na hoër geestelike sfere getrek want, sodra die mens bereid is om tot God te nader, sal Hyself die res doen, naamlik om die mens met Sy Gees te doop - toe te maak/te vervul/op te vul – sou die mens hierdie tipe ervaring graag wou beleef *en* volhard in geloof om daarvoor te bid sou dit nie onmiddellik na bekering plaasvind nie.

Petrus se woorde was dan aan mense gerig wie die Messias verwag het en wie graag, soos wat die profeet Joël daarvan getuig het, deur die Gees van God, deel wou wees van God se Nuwe Verbondbeloftes. En wat ook nie net beskore was vir `n eerste eeuse groep uitverkorenes nie, maar vir elkeen wie bereid was om hulle tot God te bekeer, dit is in die ware sin van die woord.

Om hierdie rede het Petrus ook die doop en die Geesvervulling ingesluit by die stap van bekering want bekering is `n stap (`n besluit) om die geregtigheid van God nie net uit te spreek nie maar dit ook *uit te leef*. Vir hiedie tipe opregte van gees en hart, diegene wie bereid is om hulle sonde te *bely* en *af te lê*, en wie tot uiterstes sal oorgaan

om dit deelagtig te kan word, vir hulle is Geesvervulling dan inderdaad `n realiteit.

Laat ons, met voorafgaande in gedagte, die Woord van God eer deur ag te slaan op wat God van ons verlang *in Sy Woord* en dan sal ons deur die Gees van God gelei word, naamlik wat om te doen om "gered" te wees! En om vir God aanvaarbaar te kan wees.

---

NETELIGE MAAR WERKLIKE KWESSIES

Stof tot nadenke.......

(1) <u>BOU `N GEBEDSALTAAR</u>

Dit is heilsaam vir elkeen wie toegewyd wil lewe en wie in Christus glo, om in die tyd waarin ons vandag lewe, `n gebedsaltaar in jou huis op te rig sodat die kern van ons Christelike erfenis behoue sal kan bly want baie misleidende geeste (profete) het in die wêreld uitgegaan (1 Jn 4) wat verkeerde dinge gespreek het (en dit steeds doen) en wat baie in duisternis gelaat het.

Johannes sien dan ook op Patmos eiland dat die "hele wêreld" die spore van afvallige, misleidende belydenisse sal navolg en wat dan op `n fenomenale getal dui (Open. 13). "Breed is die pad wat na die verderf lei, maar nou is die pad wat na die ewige lewe lei EN min loop daarop" (Jesus). Net gebed kan dan eintlik maar die vlam van volkome navolging van Christus in woord en in daad, dit is in hart en siel, aan die brand hou.

Hierdie persoonlike bediening verkondig God die Vader wie altyd werkend is in en deur Sy Seun, ook deur die *Krag* van die Heilige Gees.

---

(2) <u>WEES `N VREDEMAKER</u>

Omrede die openbaring van God deur Sy Seun oorhoofs die belydenisse van die katolieke Kerkvaders behels, maar veral omdat daar steeds groot verwarring op hierdie gebied, dit is tot vandag toe, in die breë Liggaam van Jesus heers, word

verdraagsaamheid gehandhaaf met betrekking tot die onderskeie *teologiese* Godheidverklarings, ook ten opsigte van die (dompel) doop. `n Besluit om Petrus se opdrag bo Matt. 28.19 te handhaaf, berus dan op *persoonlike* oortuiging en veral in die lig van die vroegste apostoliese doop wat *net in die Naam van Jesus* toegepas was.

Hoofstroom Godheidverklarings skep ongelukkig baie verwarring en in die algemeen word daar streng gehou by oorgelewerde kerklike voorskrifte. Omrede die meerderheid van gelowiges dan `n meer gewilde, ingeprente benadering tot Godheidverklarings slaafs wil navolg– dikwels sonder nadenke, naamlik hoedanig die post-apostoliese kerk ontspring het en hoedanig Godheidverklarings veral aan die hand van die Griekse filosofie ontplooi het - behoort *`n ware volgeling van Jesus* bereid te wees om, waar toepaslik, as vredemaker op te tree - *terwille van die behoud van geloof in Jesus Christus* wie nie gekom het om Sy Liggaam te verdeel deur nodelose gestryery oor die bestaan van God, Sy Seun en Sy Gees nie, maar om geloof in harte te laat ontbrand en met die doel dat elkeen wat in *Jesus Christus, Seun van God*, glo, om te *doen* wat Hy in Sy Woord verklaar, gered sal word (Jn 3.16).

---

## (3) <u>DIE SEUN VAN GOD IS DIE BRUG TUSSEN GOD EN MENS</u>

Die Apostel Johannes verklaar aangrypend en baie pertinent: “Hy wie die Seun het, het ook die Vader want die Vader is in die Seun”. As ons die Seun het (wie gesien kan word) en Sy Naam noem, het ons met ander woorde die Vader en Sy Gees, alles in een! WANT: Die Seun (die sigbare openbaring wie onder die mens woning kom maak het) is die Verlosser en Anker van die hele wêreld. Sonder die Seun van God, val alles dan uitmekaar en ons is net maar weer terug by die vloeke wat God na die sondeval op die ganse aarde geplaas het! Dink hieroor na! Die enigste ontsnaproete wat enige gelowige dan eintlik het, dit is om uit die doolhof van sonde en ongeregtigheid wat die mens na die sondeval oorrompel het, te kan kom, is om deur Christus Jesus tot die Troon van God die Vader te nader want net die offerbloed van Jesus kon die mens volkome red.

As ons ons in Christus (Jesus) laat doop het, het ons ons dan inderdaad met Christus beklee (Paulus, Gal.3.27). En as ons met Christus (Sy Naam) beklee is deur die doop, is ons vry van die vloeke wat in werking getree het vanaf die sondeval, omrede Jesus Christus die vloeke uitgekanselleer het deur die prys wat Hy in Sy eie liggaam vir ons betaal het.

Omdat die Wet ingestel was om die gevalle mens (die ongehoorsame mens wat deur die vloek van Adam geaffekteer was) te red en vry te maak van die krag van die sonde en die dood (die mag daarvan oor die mens), het Christus, die Verbondmaker - ook van die Eerste Verbond (!) - `n vloek geword om ons van die vloek van die Wet te kon red – die Wet was vol vervloekings, dit is met betrekking tot hulle wat sonde en ongeregtigheid, ook verval van God, bedryf het, en dit het die mens direk en indirek

in gebondenheid gehou (Paulus se Galasiër Brief).

Let daarop dat die *Seun van God* wie van meet af tussen God en mens gestaan het, vlees geword het, en natuurlik met die doel om die Wet (wat Hyself vir Moses op die Berg Sinaï gegee het, Eks 3) te vervul (Mat. 5.17; 1 Jn 4; Gal.4; Jn 1; Kol. 1.15). Hyself het dan aan al die voorskrifte van die Wet voldoen en Hy moes dan eers as Lydenaar-Messias/Verlosser sterf (Jes. 53) alvorens Hy die mens van die vloek van die Wet kon bevry het! Christus is inderdaaad, in Paulus se woorde, die "Krag" en die "Wysheid" van God (Eks. 23.20+; Spr. 8; 1 Cor. 1.24; 2 Cor. 3.17)!

In die eerste bedeling het Christus dan gekom as Dienskneg van die Allerhoogste God (Kneg van God, Jesaja) en omdat Hy versoening tussen God en mens moes bewerkstellig het deur een heilige bloedoffer, was Hy gehoorsaam aan God, Sy Vader, tot die dood toe – tot by Sy kruisiging. Om hierdie rede het God die Vader Hom uit die dood opgewek as Sy Seun en Hom laat sit aan Sy regterhand in die hemele op Sy Troon van hoogste outoriteit en majesteit waar Hy nou leef om vir ons in te tree by God, Sy Vader en vanwaar Hy weer sal terugkeer om Sy eiendom in besit te neem (Heb. 1.7-9; Matt. 28.18; Rom. 1.4).

www.housealtarnetwork.com
2018-11-5

Ester Blomerus

`n Onafhanklike evangeliedraer wat die Woord van die Here verkondig volgens God se plan en wil, nie om `n kerk te stig of te bou nie, maar om die Liggaam van Jesus met die vereistes van die Woord van God te kan bedien. "Volgelinge van Jesus" betrek ook almal wat Jesus en die Woord van God liefhet en wat graag deel wil wees van die Bruid van Christus. Almal wie graag Geesvervuld wil lewe en wie `n oop gemoed het om verdraagsaamheid binne die Liggaam van Jesus te bevorder.

Die oes is ryp en ware gesalfde predikers en leraars/leraresse wat staat maak op egte Geesvervulling, is relatief min. Mag God weereens Sy Gees oor Sy ware volgelinge uitstort en sodat die Woord in Krag en Waarheid kan uitgaan oor kerkgrense heen.

Mag God waaragtige broederliefde herstel en predikers oprig wat ruimte wil maak vir God se direkte Geesvervulling en -leiding. ("In Christus is daar nie (meer) man of vrou nie" (Gal. 3.28), ook met verwysing na die swygsaamheid van `n vrou op gemeentelike vlak, 1 Tim. 2.11), die volgende: Die verkondiging van die evangelie berus duidelik vir Paulus op salwing en roeping en nie op aanstelling deur mense nie.

Die Apostel Paulus het natuurlik ook bedoel dat die diensorde behoort ordelik te verloop en waar die Griekse vroue baie geëmansipeerd was, moes die apostel beslis leiding aan sy gemeentes gegee het oor gedragsmaatreëls *op gemeentelike vlak* want dinge het natuurlik handuit geruk – die vrou se "hoof" is haar eie, betrokke man wat sy dan, soos dit voorkom, in verleentheid sou stel as die prediker in die rede sou val tydens sy prediking – dit wat Griekse vroue veral gedoen het tydens `n spreker se openbare aanbieding. Maar dit kom ook voor, uit navorsing wat deur skrywer self gedoen was, asof Klemens I `n hand in hierdie tipe eienaardige sogenaamde "bevel van Paulus" gehad het want as Paulus leraresse tot swye sou gebring het, sou Febe van Kenchrea nooit `n afgevaardigde van die apostel gewees het nie (Rom. 16.1).